Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

NOVEMBER 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

STAATMAKERS SKITTER BY GLANSGELEENTHEID

Op Dinsdagaand 4 Oktober 2016 het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith eer betoon aan daardie uitblinkers wat 'n verskil in hulle gemeenskap maak ten tye van 'n glansryke Aand van Uitnemendheid wat in Overstrand se Ouditorium gehou is.

Hierdie toekenningsgeleentheid verleen erkenning aan daardie individue wat 'n uitnemende diens gelewer het en sluit die oorhandiging van die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, die aankondiging van Overstrand se Vrou van die Jaar en die toekenning van Sertifikate van Uitnemendheid aan uitblinkers in.

Vanjaar is erkenning aan die volgende uitblinkers verleen:

- **LES ABBOTT** (vir sy toegewydheid aan en uitstekende werk verwant aan die 'Hermanus-nagskuiling')
- **PAT en LORRAINE DIEDERICHS** (vir jare se toewyding aan die opbou en bestuur van 'Wortelgat', 'n manjifieke en alombekende geloofsgebaseerde kampeerfasiliteit)
- **CAROLYN MARTIN** (vir haar bydrae tot die vestiging van Hermanus as een van Suid-Afrika se beste bestemmings vir wyntoerisme)
- **TANYA TIEFENTHALER** (vir die buitengewone manier waarop sy as handelsmerk-ambassadeur Hermanus se hoogtepunte op sosiale media bemark) en
- **CORNETTE ALDENE HULL** (vir haar onvermoeide pogings om die Hangklip-Kleinmond-gemeenskappe te verenig via haar optekening van die area se 'oorvertelde geskiedenis' en bevordering van transformasie deur sportbyeenkomste aan te bied wat daarop afgestem is om rasseverdeeldheid uit te wis).

Erkenning is ook aan die volgende persone verleen vir hul waardevolle bydraes in die kategorie omgewingsbewaring :

- **MEAGHAN McCORD** (Suid-Afrikaanse Haaibewaring)
- die **WHALE COAST CONSERVATION**-span (Sherraine van Wyk, Anina Lee en Rob Fryer) en
- **KIM McLEAN** (ook bekend as die Shark Lady).
- **CHRIS GELDENHUYS** het weggestap met die gesogte Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring. Geldenhuys is genomineer vir die buitengewone diens wat hy as vrywilliger lewer en sy prysenswaardige bydrae tot duinhervorming en omgewingsbewaring in Pringlebaai. Chris en sy span onderneem tans 'n projek waarvolgens die natuurlike seisoenale beweging van sand, aangedryf deur heersende winde, ingespan word om die veerkragtigheid van die kussone te verhoog in ooreenstemming met voorspelde stygings in die seevlak en toename in golfhoogte. Hierdie projek gaan as 'n gevallestudie vir die Wes-Kaap en, moontlik, Suid-Afrika dien.

Ander genomineerdes vir die "Vrou van die Jaar"-toekenning was:

- **MARY FAURE** (vir haar uitmuntende bydrae tot toerisme, bo en behalwe die bydrae wat sy as stigterslid en voorstaander van die FynArts-fees tot kulturele en ekonomiese ontwikkeling lewer)
- **PAT VAN SCHOOR** (vir haar bydraes tot en vele pogings om fondse namens verskeie liefdadigheidsorganisasies en ander organisasies sonder winsbejag binne Hermanus se gemeenskap te werf)
- **EUGENE OCTOBER** (vir haar onbaatsugtige pogings en bydraes tot die opheffing en bemagtiging van Hawston se vroue)
- **SABINE JANTJIES** (vir haar onbaatsugtige pogings ter ondersteuning en opheffing van sukkelende gesinne in Hawston)
- **LIGHTHOUSE TO LIGHTHOUSE** (vir die voortreflike pogings deur 'n groep vroue om fondse te werf vir, en bewustheid te skep van verskeie welwillendheid- en liefdadigheids-organisasies)
- **LIZA VAN COPPENHAGEN** (vir haar bydrae tot die ontwikkeling van kleinsake-inisiatiewe en pogings om fondse vir liefdadigheid te werf) en
- **DR MILICENT PETERSE RINK** (vir haar jarelange diens ter verligting van armoede en hulpverlening aan mishandelde vroue en kinders)
- **GERDA WILLIAMS** is as Overstrand se Vrou van die Jaar aangewys. Sy is die voorsitter van die Pearly Shell-versorgingsentrum en sien ook om na die finansies van die Overstrand-versorgingsentrum. Sy het erkenning ontvang vir haar onbaatsugtige bydrae tot en die vrywillige en toegewyde diens wat sy aan die gemeenskap van Hawston lewer danksy haar betrokkenheid by verskeie liefdadigheidsorganisasies.

Agter (van links na regs): Pat van Schoor; Pat Diederichs; Lorraine Diederichs; Les Abbott; Meagan McCord; Anina Lee, Chantelle Louskitt namens Mary Faure; Salomè Geldenhuys namens Carolyn Martin.

Voor (van links na regs) Sebina Jantjies; Tanya Tiefenthaler; Chris Geldenhuys; Burgemeester Rudolph Smith; Gerda Williams; Kim "Sharklady" McLean; Dr Millicent Peterse Rink; Judith Petim namens 'Lighthouse to Lighthouse'

"Dis ongerep, dis asemrowend … en dis gerat."

OVERSTRAND 'n VERDIENSTELIKE GASHEER VIR VERSKEIE GESOGTE SPORTBYEENKOMSTE

Solomzi Madikane, Overstrand se Direkteur: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, het onlangs aangekondig dat Hermanus weereens as wegspringplek gaan dien vir Skof 1 en 2 van die 2017 Cape Epic-bergfietswedren.

Hierdie uitmergelende wedren wat oor agt dae strek en televisiekykers van oral in die wêreld lok, dek 'n roete van sowat 700 km en deurkruis sommige van die Wes-Kaap se asemrowendste berge en dale.

Met dié dat Overstrand aangewys is as een van daardie plekke waarvandaan twee van hierdie wedren - alombekend as die Tour de France van bergfietsrenne - se skofte kan wegspring, het die organiseerders van die NISSAN TrailSeeker-bergfietsrenne ook besluit om die Wes-Kaapse been van hulle wedren in die toekoms hier aan te bied en dat die Wines-2-Whales-bergfietsren later vanjaar in die manjifieke Hemel-en-Aarde-vallei uitgespook sal word.

Maar Overstrand bied heelwat meer as die ideale terrein vir bergfietswedrenne: Aldus Madikane gaan "Overstrand ook met trots vanaf 24-26 Februarie volgende jaar die 2017 Global Challenge-gholftoernooi vir vroue by Hermanus se gholfklub aanbied."

"Sporttoerisme het die potensiaal om ons plaaslike ekonomie 'n hupstoot te gee en met dié dat Overstrand se ligging so uitsonderlik is, kan hierdie geleenthede, na my mening, met reg ingespan word om ons gemeenskappe se lewenskragtigheid oor die lang termyn te help verseker," het hy bygevoeg.

Overstrand se strande behou gesogte
Blouvlag status

Drie van Overstrand se gewildste strande - Grotto, Hawston en Kleinmond - het weer eens blouvlag status verdien met die oog op die komende 2016/17-vakansie-seisoen wat amptelik op 1 November 2016 afskop.

Volgens Overstrand se tuinboukundige en blouvlag-koördineerder, Lauren Rainbird, het die Munisipaliteit sy bes gedoen om te verseker dat beide plaaslike en internasionale toeriste hulle sal kan verlustig op strande wat in 'n pragtoestand verkeer en waar almal die geriewe tot hul beskikking ten volle kan geniet.

Die Wêreldtoerisme-organisasie beskou 'n Blou Vlag as 'n internasionale eko-etiket wat daarop dui dat die fasiliteit skoon en omgewingsvriendelik is en aan internasionale veiligheid- en ander toeristestandaarde voldoen. As deel van 'n verbandhoudende werkskeppingsprojek, *Blue Flags: Working for Tourism*, ondergaan 200 opsieners tans gespesialiseerde opleiding. Elf van hierdie opsieners is aan Overstrand toegewys en sal, na verwagting, eersdaags hulle pligte hier opneem.

Blouvlag status word seisoenaal toegeken en munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernu. Terloops, blouvlag status vir die 2016/17-seisoen is aan 4 300 instansies wêreldwyd toegeken: Hieronder tel 45 Suid-Afrikaanse strande, bote en marinas. Die Wes-Kaap het die hoogste aantal Blou Vlae verwerf met 29 van sy strande, al agt bote en vier uit vyf marinas wat hierdie gesogte status verwerf het.

Nog 'n interessante brokkie is dat *Slashfin* - 'n vaartuig wat deur Marine Dynamics bedryf word om haai-duike te onderneem - sowel as die twee vaartuie genaamd *Whale Whisperer en Dream Catcher* wat deur Dyer Island Cruises vir walvisbesigtigingstoere gebruik word, almal vir blouvlag status gekwalifiseer het.

Munisipale Bestuurder se Kontrak Hernu

Coenie Groenewald

Tydens 'n geskeduleerde maandelikse vergadering wat op Maandag 26 September 2016 gehou is, het die Raad eenparig ingestem dat die diens-kontrak van die huidige Munisipale Bestuurder, Coenie Groenewald, met ingang 1 Januarie 2017 met 'n verdere vyf-jaar-tydperk verleng word, of totdat die bekleër aftree-ouderdom bereik.

Die Raad is heeltemal by magte om só 'n besluit te neem aangesien die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n munisipale bestuurder vir 'n vaste termyn van vyf jaar aangestel kan word.

Aangesien alle raadslede wat tot Overstrand se nuutsaamgestelde Raad verkies is, dit eens het dat Groenewald ten volle voldoen aan die voorskrifte soos per die Munisipale Stelselswet en veral in soverre sy kernbevoegdhede, werksverwante ervaring en kwalifikasies aanbetref, was sy heraanstelling te verwagte.

By ontvangs van die nuus dat hy heraangestel is, het hierdie altyd nederige en effe skugter openbare amptenaar bloot opgemerk dat hy sy bes sal doen om aan almal se verwagtinge te voldoen: "Om Munisipale Bestuurder te wees is beslis die hoogtepunt van my loopbaan. Ondanks vele beperkinge en die uitdagings waarvoor ons te staan kom weens die negatiewe impak van die wêreldekonomie, sowel as die ander probleme waarmee plaaslike regering en hierdie munisipaliteit te kampe het, glo ek dat Munisipaliteit Overstrand steeds onwrikbaar daartoe verbind is om munisipale dienste van die hoogste gehalte aan al sy gemeenskappe te lewer," het hy bygevoeg.

Aanvullende veldtog om kinders teen polio te beveilig

Polio is 'n hoogs aansteeklike virus wat hoofsaaklik kinders jonger as drie affekteer en vinnig van een persoon na die ander oorgedra word. Een uit elke 200 kinders wat met hierdie virus besmet word, word verlam en aangesien polio nie genees kan word nie, is inenting teen hierdie siekte allerbelangrik.

Vanaf 31 Oktober tot 18 November 2016 gaan die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid 'n aanvullende immuniseringsveldtog van stapel stuur wat gemik is op kinders in die ouderdomsgroep 0 tot 59 maande. Daar word 'n dringende beroep op ouers gedoen om hul kinders na die naaste kliniek te neem of na een van die immuniseringspunte wat in die loop van die veldtog op verskeie plekke binne gemeenskappe opgerig gaan word.

So nie kan ouers van daardie kinders wat 'n crèche-, voorskool-, kinderhuis- of dagsorgsentrum bywoon, 'n toestemmingsvorm onderteken wat 'n verteenwoordiger van die departement magtig om die orale polio-vaksine by enige van hierdie fasiliteite toe te dien.

Let asseblief daarop dat die vaksine wat tydens hierdie veldtog toegedien word, slegs aanvullend is en dat kinders steeds hul geroetineerde inentings moet ontvang soos deur hul plaaslike kliniek of kinderarts aangedui.

Om nadere besonderhede oor hierdie veldtog te bekom of om uit te vind waar immuniseringspunte in jou gemeenskap aangebring is, skakel jou naaste kliniek. So nie, kontak Natasha Peterson by 082 313 7487 of rig 'n e-pos aan Natasha.Peterson@westerncape.gov.za.

Pringlebaai se *langverwagte brand-weerstasie nou ten volle operasioneel*

Na jare se beplanning en baie drome kon vrywillige brandbestryders vanuit Pringlebaai en omstreke uiteindelik hul splinter-nuwe brandweerstasie op 29 September 2016 betrek. Hierdie stasie wat met 'n opleiding-/vergadersaal, slaapkwartiere, kombuis, kleinerige kantoor en stoorkamer spog en neffens die gemeenskapsaal in Buffelsweg geleë is, sal voortaan as 'n streekgebaseerde noodsentrum dien wat hulp met brande in Betty'sbaai, Pringlebaai en Rooiels kan verleen.

Oprigting van dié satellietstasie is ses jaar gelede as 'n wykspesifieke projek deur die wykskomitee geïnisieer, maar verskeie onvoorsiene haakplekkies en probleempies soos stygende boukoste, 'n tekort aan fondse, ongure weersomstandighede, kontraktuele onderbrekings en oponthoude in die voorsieningskanaal het veroorsaak dat dit heelwat langer as beplan geneem het om hierdie projek af te handel.

Nogtans het Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith die gemeenskap geloof vir hul vasberadenheid om hierdie projek, "ondanks die bloed, sweet en trane," deur te sien.

"Inisiatiewe soos hierdie sal grootliks 'n bydrae tot veiliger gemeenskappe lewer en dien as 'n voorbeeld van wat vermag kan word wanneer belanghebbers en die gemeenskap hulle aan die kant van plaaslike owerhede skaar in 'n poging om die grootste voordeel te put uit daardie beperkte hulpbronne wat tot ons beskikking is," het hy gesê.

Pringlebaai se brandweerstasie, wat onder toesig van Overstrand se gesentraliseerde rampbestuursentrum geleë te Hermanus gaan funksioneer, spog tans met agt vrywilligers en een brandweerwa.

Enigeen in die omgewing van Hangklip, Pringlebaai of Bettysbaai wat 'n noodgeval wil aanmeld, kan 028 312 2400 skakel - of skakel Overstrand se 24/7-noodnommer, naamlik 028 313 8111.

OVERSTRAND SE OORDE BETREE DIGITALE ERA

Vanaf 1 Desember 2016 kan enigeen wat 'n kampplek, staanplek vir 'n karavaan of 'n chalet by die Onrus-, Palmiet- of Kleinmond-kampeerterrein wil bespreek, dit aanlyn via Overstrand se amptelike webwerf doen.

CiMSO Business Solutions Africa, 'n verskaffer van sagteware-oplossings vir hotelle, verblyfplekke en oorde, is gekies om hierdie sagteware-oplossing vir die aanlynbespreking van Munisipaliteit Overstrand se oorde te verskaf. Danksy hulle hulp, kan Overstrand voortaan 'n ten volle geïntegreerde, aanlyngesinchroniseerde besprekingsoplossing bied wat dit vir woonwa-entoesiaste en kampeerders moontlik maak om:

- Vanaf enige plek en op enige tyd van die dag of nag te kyk watter chalets en/of staanplekke beskikbaar is;
- Aanlyn deur foto's van die chalets/staanplekke te blaai voordat hulle hul bespreking finaliseer; en
- Onmiddellik by die waglys gevoeg te word indien beskikbaarheid 'n kwessie sou wees.

As 'n verdere uitbreiding stel hierdie sagteware-oplossing die Munisipaliteit ook in staat om op enige tyd van die dag of nag te kommunikeer met kampeerders en/of woonwa-entoesiaste wat reeds inbespreek het, wat veral gerusstellend is indien 'n noodgeval van watter aard ook al sou ontstaan. Die aanvanklike ontplooiing van hierdie projek behoort teen 30 November vanjaar afgehandel te wees en daar word voorsien dat dit binnekort uitgebrei sal word om ook Gansbaai se karavaanpark en Hawston se dagkampfasiliteite te dek.